**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

# DRAMATIESE KUNSTE

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | Punte |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste Eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Post-1994 | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Konsepte, Inhoud en vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A:**

**Alle kandidate moet die vrae antwoord deur na die toneelstuk te verwys wat hulle bestudeer het asook na die relevante 20ste-eeu teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasie Krytsirkel* — Vertaling van die Bertolt Brecht-teks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van die Bertolt Brecht-teks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Die Goeie Mens van Szechuan* — Vertaling van die Bertolt Brecht-teks
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**TEATER VAN DIE ABSIRDE**

- *Waiting For Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van die Samuel Beckett-teks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Prima Donna* — Eugeni Ionesco
- *Die Kaalkop Prima Donna* — Vertaling van die Eugene Ionesco-teks

**POSTMODERN THEATRE**

- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B:**

**SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)**

**Hierdie AFDELING bestaan uit DRIE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon |
| VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company |
| VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4. **AFDELING C:**

**SUID-AFRIKAANSE TEATER (POST-1994)**

**Hierdie AFDELING bestaan uit TWEE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag uit hierdie afdeling antwoord.**

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* John Kani
VRAAG 6: *Mis* Reza de Wet

5. **AFDELING D:**

**TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**Hierdie AFDELING bestaan uit VIER vrae. VRAAG 7 is VERPLIGTEND.**

VRAAG 7: Die Geskiedenis van Teater (VERPLIGTEND)

**Beantwoord SLEGS EEN van die volgende vrae:**

VRAAG 8: Stem- en Liggaamswerk
VRAAG 9: Verhoogoptrede
VRAAG 10: Kulturele- en Rituele-optrede

6. **NOTA AAN ONDERWYSERS**

AFDELING D mag ʼn verskillende aantal vrae bevat elke jaar afhangend van die aspekte wat getoets word asook die bronmateriaal wat gebruik word.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: 20STE EEUSE-TEATERBEWEGINGS (-ISMES)

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1: 20STE EEUSE-TEATERBEWEGINGS (-ISMES)

Beantwoord hierdie vraag deur te verwys na ŉ 20ste eeuse teaterbeweging en ŉ toneelstuk wat jy bestudeer het.

Lees die volgende aanhaling deur en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

> **Styl:** Die onderskeidende eienskappe van ŉ toneelstuk wat konvensionele praktyk reflekteer. – Wat is die **konvensies** (gebruike) en hoe word hulle aangewend? Marsh Cassidy, in *Teater: ŉ Inleiding,* bl.28, noem "konvensies" gebruike wat die akteurs, die dramaturg, die ontwerpers of die regisseur gebruik om die produksie mee op te voer. Die gehoor aanvaar gewillig hierdie gebruike as ŉ tipe snelskrif.
>
> Styl word gewoonlik geassosieer met ŉ periode of met ŉ "**-isme**".

Dit kan ŉ uitdaging wees om ŉ produksie in ŉ 20ste eeuse teaterstyl op te voer. Skryf ŉ opstel waarin jy bespreek hoe jy ŉ 20ste eeuse styl op die verhoog gaan aanbied.

Oorweeg die volgende teaterkonvensies in jou opstel en gebruik die toneelstuk wat jy bestudeer het as ŉ voorbeeld:

- Intrige
- Karakters
- Taal
- Temas

Jou opstel moet jou kennis van die teaterstyl wat jy bestudeer het demonstreer en hoe dit op die verhoog opgevoer kan word deur te voldoen aan die styl se spesifieke konvensies.

Jou opstel moet 2–4 bladsye lank wees.

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)**

Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR BARNEY SIMONS, PERCY MTWA AND MBONGENI NGEMA**

2.1 Lees die volgende definisie vir die term "*gemengde teater*" ("*hybrid theatre")* soos dit in die **tdf-Teaterwoordeboek** gedefinieer word en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| **Gemengde teater (Hybrid theatre)** | is een manier om verhoogoptredes te beskryf wat elemente van twee of meer genres gebruik. Dit kan dans, poësie, beweging, hip-hop, video, optredekuns, storie-vertelling, eenman-komedie, poppeteater, visuele kuns, nuwe media – mens kan maar opnoem – insluit. |

2.1.1 Bespreek enige TWEE internasionale style en hul praktiseerders wat in *Woza Albert!* gebruik word (4)

2.1.2 Verduidelik hoe EEN van die bogenoemde style aangewend is. Jou verduideliking moet voorbeelde uit die toneelstuk insluit. (10)

2.1.3 Wat is die sosio-politieke kwessies wat in die toneelstuk ondersoek word? Skryf oor ten minste DRIE kwessies en gee voorbeelde uit die teks. (6)

2.2 Kan die toneelstuk *Woza Albert!* met die term 'Protesteater' beskryf word? Verduidelik jou antwoord deur te verwys na die temas van die toneelstuk. (8)

2.3 Beantwoord die volgende vrae:

2.3.1 Wat is multifunksionele rekwisiete (*multi-function props)*? (2)

2.3.2 Dui aan hoe die toneelstuk *Woza Albert!* die tegniek van multifunksionele rekwisiete gebruik deur na die gebeure in die teks te verwys. (6)

2.3.3 Dink jy die gebruik van multifunksionele rekwisiete is effektief vir hierdie tipe toneelstuk? Gee redes vir jou antwoord. (4)
**[40]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

3.1 Wat is TWEE verskille tussen Gemeenskapsteater en *Township Musical*-teater? (4)

3.2 Is Sophiatown ʼn voorbeeld van Gemeenskapsteater of *Township Musical*-teater. Gee ten minste DRIE redes vir jou antwoord en gebruik die toneelstuk as verwysing. (9)

3.3 Verwys na die volgende foto en beantwoord die vrae wat volg.



[AMP.Island of Spice – *WordPress.com*]

3.3.1 Watter spesifieke gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word in die foto hierbo weerspieël? (2)

3.3.2 Noem nog so ʼn gebeurtenis wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis plaasgevind het. (2)

3.4 Bespreek die interne konflik wat blyk uit Jake se optrede in die toneelstuk. Gee voorbeelde uit die teks om jou antwoord te staaf. (5)

3.5 Kan Sophiatown opgevoer word deur Gestroopte Teaterstyl te gebruik? Ondersteun jou antwoord deur na die teks te verwys. (10)

3.6 Hoe word die tema van onderwys deur die karakter van Lulu uitgelig? (4)

3.7 Is dit noodsaaklik om produksies soos *Sophiatown* in die nuwe Suid-Afrika op te voer? Gee redes op jou opinie te ondersteun. (4)
**[40]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

4.1 Skryf kortliks wat gebeur in die eksposisie/uiteensetting van die drama *Siener in die Suburbs.* (5)

4.2 Verduidelik wat die term "argetipe karakters" beteken. Identifiseer ten minste TWEE voorbeelde uit die stuk. (5)

4.3 Kan *Siener in die Suburbs* op 'n gang-verhoog *(traverse stage)* opgevoer word? Ondersteun jou antwoord met redes uit die konteks van die stuk se styl. (5)

4.4 Bespreek die konflik tussen Giel en Tjokkie in die stuk. Hou in gedagte wat die karakters van mekaar dink en hoe dit die intrige van die toneelstuk beïnvloed. (8)

4.5 Hoe sou jy die karakter van Tiemie laat aantrek om by haar omstandighede in die handeling van *Siener in die Suburbs* te pas? (5)

4.6 Skryf kort notas waarin jy 'n akteur raad gee om die karakter van *Jakes* te speel. Jou notas moet die akteur lei om 'n suksesvolle, drie-dimensionele karakter te skep. (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER POST-1994**

**VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**

5.1 Watter moment in die handeling van *Nothing but the Truth* kan gesien word as die motoriese moment? Gee redes vir jou antwoord. (5)

5.2 Dink na oor die volgende stelling en antwoord dan die vraag wat volg.

| |
|---|
| Die verhoog-milieu van *Nothing but the Truth* beeld 'n tipiese muurstel (*Box-set*) uit. |

5.2.1 Wat is 'n muurstel (*box-set)*? (2)

5.2.2 Bespreek bogenoemde stelling om te bewys dat *Nothing but the Truth* se milieu beslis 'n tipiese muurstel (*box-set*) uitbeeld. (6)

5.3 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy die interne konflik van die karakter van Thando in die stuk bespreek. (6)

5.4 Watter verskil sou die toneelstuk gemaak het indien die karakter van Themba steeds gelewe het en teruggekom het om vir Mandisa te wys waar hy grootgeword het? Dink aan die handeling en die temas van die toneelstuk. (9)

5.5 Skryf regisseursnotas vir jou akteurs oor hoe hulle enige toneel in die toneelstuk van *Nothing but the Truth* moet speel. Die toneel wat jy kies om te bespreek moet al die karakters in die toneelstuk insluit. Jou notas moet duidelik wees en jou kennis van speelstyle en regisseursvaardighede demonstreer. (12)

**[40]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6: *MIS* DEUR REZA DE WET**

6.1 Is Gestroopte Teater 'n gepaste styl vir die opvoer van die toneelstuk *Mis*? Dink aan die stel en gebruik van rekwisiete in jou antwoord. (10)

6.2 Lees die volgende uittreksel uit Jan FE Cilliers se gedig *Trou* en antwoord dan die vrae wat volg:

> Ek hou van 'n man wat sy man kan staan;
> Ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan;
> 'n oog wat nie wyk,
> wat 'n bars kan kyk;
> en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan –
> vas soos 'n berg van grou graniet
> op vaderlandsgrond, sy hartsgebied,
> aan haar getrou
> soos aan kind en vrou,
> en wat in haar ere ook syne siet.

6.2.1 Wat was die rol van vroue in die gemeenskap gedurende die tydperk van hierdie toneelstuk. Gee voorbeelde uit die teks om jou antwoord te regverdig. (8)

6.2.2 Hoe bring die Konstabel 'n valse sin van sekuriteit in die handeling van *Mis*? (6)

6.2.3 Bespreek die tema in die gedig en hoe dit ooreenstem of kontrasteer met die temas in *Mis.* Verwys na die gebeure in die teks om jou antwoord te ondersteun. (8)

6.3 As jy die regisseur van *Mis* was; gee raad aan die aktrise wat Gertie speel oor hoe sy dit suksesvol kan doen. Bly in die konteks van die toneelstuk in jou antwoord. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

VRAAG 7 is VERPLIGTEND.

**VRAAG 7: TEATERGESKIEDENIS**

7.1 Bespreek TWEE verskille tussen realistiese en gestroopte teater opvoeringskonvensies. (4)

7.2 Beantwoord die volgende vrae.

7.2.1 Wie is die vader van Moderne Drama (realisme)? (1)

7.2.2 Verduidelik kortliks wat jy verstaan onder Protesteater. (3)

7.3 Lees die volgende stelling:

| |
|---|
| Baie Suid-Afrikaanse teaterpraktisyns doen gesamentlike werk met mekaar om drama te laat groei. Hulle ontwikkel 'n produksie uit slegs 'n enkele idee… |

Watter tegniek, dink jy, gebruik hierdie praktisyns om toneelstukke te skep? Bespreek hierdie proses. (6)

7.4 Wat is die waarde van Dramatiese Kunste vir 'n gemeenskap? Skryf jou opinie neer en ondersteun jou stelling met genoeg redes. (6)

**[20]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Beantwoord slegs EEN van die volgende vrae:**

**VRAAG 8: STEM- EN LIGGAAMSWERK**

8.1 Wat is die nadele van 'n akteur wat nie sy stem projekteer gedurende 'n optrede nie? Noem ten minste TWEE nadele. (4)

8.2 Bespreek al die aspekte wat 'n akteur in gedagte moet hou om 'n akkurate vokale karakterisering reg te kry. (6)

8.3 Oorweeg die volgende aanhaling uit *Building a Character* deur Constantin Stanislavski (1863–1938):

| |
|---|
| "Elke persoon ontwikkel 'n eksterne karakterisering uit homself volgens sy intuïsie en observasie van homself en ander." |

8.3.1 Hoe verstaan jy die term 'eksterne karakterisering'? Gee 'n voorbeeld. (4)

8.3.2 Wat is die aspekte wat 'n akteur in gedagte moet hou sodat hy/sy 'n akkurate fisiese karakterisering kan doen? (6)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 9: VERHOOGOPTREDE**

9.1 Verkies jy lewendige verhoogoptrede of televisie as 'n opvoeringsmedium? Verduidelik jou keuse. (6)

9.2 Hoekom is energie 'n belangrike aspek van verhoogoptrede? (4)

9.3 Bespreek die proses wat jy en jou groep gevolg het met die skep van julle groeptemaprogram. Jou bespreking moet die proses uitlig van die begin van die proses tot die dag van julle optrede. (10)
**[20]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 10: RITUELE EN KULTURELE OPVOERINGS

Lees deur die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg:

> As ŉ uitgebreide en geografies uiteenlopende kontinent, huisves Afrika groot talle kulture en ŉ duisend of meer tale. Al is daar geen een versameling van mites en legendes wat hierdie diverse volke saambind nie, is daar wel verskillende kulturele groepe en areas wat sekere van dieselfde elemente deel.
>
> Soos mites van ander dele van die wêreld, reflekteer die mites van Afrika-mense hul gelowe en waardes. Maar terwyl die mites van baie ander kulture sorgvuldig bewaar word as oorblyfsels uit antieke tye, is Afrika-legendes steeds ŉ betekenisvolle deel van die alledaagse lewe. Sekere Afrika-mites ondersoek universele temas, soos die oorsprong van die wêreld en die lot van die individu na die dood.

[Myths Encyclopaedia, *Myths and Legends of the World*]

10.1 Noem VYF elemente van drama. (5)

10.2 Dink aan enige Afrika-mite en gebruik die elemente wat jy in VRAAG 10.1 genoem het om die storie te ontleed.

Skryf die titel van die mite boaan neer, en skryf dan telkens die element van drama neer en bespreek dit met verwysing na die mite.

Ter voorbeeld:

Mugambi, *die boom van lewe*

Karakter: Mugambi, Die kinders,
Milieu/Plek: Die verbeelding, enige plek met ŉ boom waar kinders kan speel…ens.

Jou bespreking, anders as in die voorbeeld, moet meer detail bevat. Hou die puntetoekenning in gedagte. (15)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com